Vyf wil Everest uit strawwer hoek aanpak

Vriendskap 'enigste kans'

Tessa Kruger

DIE groep Suid-Afrikaners wat in Oktober die noordrif van Everest gaan aandurf, is bereid om enigiets vir hul droom prys te gee. "Ons sal selfs, indien nodig, al ons bates verkoop," sê mnr. Alex Harris (25), leier van die ekspedisie en heeltydse organiseerder van die tog.

Hy, sowel as mnre. Sean Disney (24) en Anton Erasmus (27), het reeds drie maande gelede uit hul betrekkinge as onderskeidelik hoof van Executive Entertainment se verkoopafdeling, marknavorser en argitek bedank om alles gereed te kry.

Die ander klimmers is mnre. Mark Campbell (26), 'n rekenkundige klerk, en Robin Walshaw (25), rekenkundige bestuurder. Al vyf die mans is van die Johannesburg-omgewing.

Die vyf is al agt jaar vriende en almal lede van die Suid-Afrikaanse Bergklimklub. Hulle koester al drie jaar die droom om die noordrif van Everest in Tibet uit te klim.

Die roete is tegnies gesproke moeiliker as wat die Suid-Afrikaanse ekspedisie met mnr. Ian Woodall en mej. Cathy O'Dowd na die kruin gevolg het.

Volgens mnr. Campbell is die roete egter veiliger as die roete wat klimmers van dwarsoor die wêreld einde Mei gevolg het toe nege mense dood is.

Onder hulle was die fotograaf mnr. Bruce Herrod (37), wat saam met mej. O'Dowd en mnr. Woodall na die kruin gestap het.

Volgens mnr. Campbell is daar langs die noordrif minder gletsers en groot gate in die ys. "Dus kan ons meer op die moeilike klimmery konsentreer." Die roete sal volgens mnr. Campbell baie spanwerk verg en juis dit is die groot dryfkrag agter hul planne. "Spanwerk en vriendskap is ons enigste kans op sukses."

Hulle gaan sonder suurstof, met slegs die nodigste voorraad en toerusting en sonder die hulp van draers die tog aanpak.

Slegs 'n noodvoorraad suurstof sal vir die afkomslag saamgeneem word.

Die bergklimmers, wat al berge dwarsoor die wêreld bestyg het, sê dis hul avontuurlus wat hulle dryf.

Om voor te berei vir die klim, oefen die span vier keer per week in die gimnasium, hardloop 206 trappies tien tot vyftien keer per week uit en gaan twee naweke per maand in die Drakensberg stap.

Die span soek nog 'n borg wat R250 000 tot die tog kan bydra.

● In 1921 het George Mallory en Andrew Erwin Everest langs die noordrif aangedurf. In 1924 is hulle vir die laaste keer naby die kruin gesien voordat hulle spoorloos verdwyn het.

Daar word nou nog bespiegel of hulle, pleks van Edmund Hillary, die eerste was wat die kruin van Everest bereik het.

Van links is mnre. Mark Campbell, Sean Disney, Robin Walshaw en Alex Harris. Dié vier is vasbeslote om Everest van 'n moeiliker hoek aan te durf as die een waarvandaan twee ander Suid-Afrikaners dit onlangs reggekry het. Mnr. Anton Erasmus, hul vyfde spanmaat, is afwesig.

Foto: KONRAD DU PLESSIS